

DINK SAAM OOR DIE VOLGENDE VRAE:

1. Ek wonder of jy kan onthou wanneer die eerste keer was wat jy self met 'n mes gesny het?
2. Het jy jouself al miskien perongeluk raakgesny met 'n mes?
3. Ek wonder of jy soms voel asof jy sekere Bybelstories baie goed verstaan en ander glad nie?
4. Gebeur dit soms dat jy iets glad nie verstaan het nie en dan later maak dit vir jou baie sin?
5. Ek wonder of ons mekaar kan help om aan voorbeelde te dink waar sekere dele van ons geloof op sekere tye baie belangrik is en hoe ander dele van ons geloof weer op ander tye baie belangrik is (Hieronder in die aktiwiteit is ook 'n paar voorbeelde?)

DOEN NOU DIE VOLGENDE ALTIWITEIT:



Kyk na die voorbeeld van die “aktiwiteit horlosie” hier langsaan. Maak nou jou eie horlosie op die voorbeeld hieronder. By elke “uur” moet jy 'n ander “geloofsaktiwiteit” invul. Vra jou ma of pa om jou te help dink aan idees.


Hier is ook 'n paar: Gee iemand 'n drukkie. Sit 'n rukkie rustig in jou kamer. Maak 'n koppie tee vir iemand. Help om die

kombuis op te ruim. Maak 'n mooi kaartjie vir iemand. Lees 'n Bybelstorie.

Verskillende geloofsaktiwiteite is belangrik vir verskillende tye van ons dag of week. Dit maak een nie meer of minder belangrik nie. Net verskillende vir verskillende fases.

As julle “splitpins” het, kan julle die wysers daarmee vasmaak sodat jul die wysers kan draai om te kyk wat julle volgende kan doen. Anders kan julle dit ook met wondergom vasplak.

My Liefde Horlosie



Wysers om uit te knip:

